KONTRAK VAN WERK, ETIEK, EN AANSPREEKLIKHEID

Tussen Zackie Achmat (onafhanklike lid van die Parlement) en Zackie2024 ondersteuners

Ek, Zackie Achmat, verklaar plegtig dat ek nou, en wanneer ek verkies word tot die Parlement:

Die Grondwet, Handves van Regte en Wetgewing

1. Die Grondwet, die Handves van Regte en alle ander wette sal respekteer, en die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid, geregtigheid en vryheid, sal eerbiedig.
2. Ek sal weier om gunste in my persoonlike en politieke lewe as 'n LP te vra of te aanvaar.

Etiek en Waardes

3. Eerlik en ordentlik sal wees, met integriteit sal optree en almal met respek en waardigheid sal behandel.
4. Ek ten alle tye die waarheid sal praat oor alle misbruik van mag en deursigtig sal wees in my werk.
5. Ek deursigtig sal wees oor verkiesingsbefondsing en finansies.
6. Ek soveel moontlik fondse deur klein skenkings sal vra. Tog, gegewe ekonomiese beperkings, ek groot skenkings van welgestelde individue sal aanvaar. Alle sulke skenkings word aanvaar met die verstaan dat geen gunste deur sulke welgestelde individue gevra sal word nie en geen gunste aan hulle gegee sal word nie. Geen fondse sal aanvaar word van welgestelde individue in die wapen, tabak, alkohol, farmaseutiese en fossielbrandstofbedrywe nie.

Stem #Zackie2024 #FixTheState

7. Ek wyd sal raadpleeg voor ek stem as 'n LP en my stemgeskiedenis in komitee en die Nasionale Vergadering toeganklik vir die publiek sal wees.
8. Onmiddellik sal uittree sonder betaling as ek aangekla word van korrupsie of enige ander misdaad (behalwe in die geval van burgerlike ongehoorsaamheid teen onregverdige wette of beleid) en sal bedank as ek skuldig bevind word.

Herstel die Staat

9. Sal saam met bewegings en organisasies werk om te help om die Staat te herstel en te verseker dat dit doeltreffend, deursigtig, en verantwoordbaar word en bekwame, gekwalifiseerde openbare amptenare aanstel.
10. Wette sal ondersteun en deurvoer wat werkersklas mense help om ons gemeenskappe te herbou.
11. Sal streef daarna om by die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge (SCOPA) aan te sluit om te verseker dat openbare geld goed bestee word.
12. Hou die regering verantwoordelik en roei korrupsie, wanbestuur, en onbevoegdheid uit deur getuienis, dokumente en inspeksies te eis.
13. Korrupte maatskappye, amptenare, en politici openbaar sal maak om te verseker dat die oortreders vervolg sal word.
14. Werk daaraan om te verseker dat die staat betroubare, volhoubare, en bekostigbare elektrisiteit aan alle huishoudings en besighede voorsien.
15. Werk saam met bewegings, plaaslike en provinsiale regerings om toegang tot betroubare, gereelde, veilige, en bekostigbare passasierspoordienste te verseker.
16. Gee ondersteuning aan amptenare, organisasies, bewegings, en professionele persone wat werk om die gehalte van primêre gesondheidsorg te verbeter, spesifiek om geestesgesondheid en dwelmmisbruik aan te spreek.

Bou 'n Beweging en Herwin die Parlement

17. Help om 'n beweging van mense te bou om die Parlement te herwin en die Staat te herstel.

Stem #Zackie2024 #ReclaimParliament

18. Gee voorrang daaraan om te verseker dat mense aktief deelneem aan die werk van die Parlement.
19. Betrokke sal by organisasies, vakbonne, en kundiges wat werk aan sosiale, ekonomiese, en klimaatregtigheid en hoe dit met geslagsgelykheid, jeug, LGBTIQA+, immigrante, sekswerk, en mense met gestremdhede, saam werk.
20. Alle dokumente waartoe ek toegang verkry maklik beskikbaar vir die publiek sal maak.
21. Ten minste een openbare vergadering elke maand sal hou om na mense te luister en rekenskap aan hulle te gee.
22. Die werk van die Parlement toeganklik sal maak deur media-veldtogte.

Komitee van Etiek en Aanspreeklikheid

23. Sorg daarvoor dat 'n Komitee van Etiek en Aanspreeklikheid ingestel word om my aanspreeklik te hou vir my verpligtinge in hierdie kontrak. Hierdie liggaam sal 'n prosedure bestuur vir die lê en ondersoek van objektiewe klagtes. Die komitee kan, wanneer nodig, 'n Ombudsman aanstel om klagtes te ondersoek en gepaste aanbevelings en sanksies te maak, insluitend die reg om my as 'n LP terug te roep.

KONTRAKTUELE VERPLIGTINGE VAN ZACKIE2024 ONDERSTEUNERS

24. Ons, ondersteuners van die Zackie2024-veldtog, verklaar plegtig dat ons die regte en pligte vervat in die Grondwet, alle ander wette, en die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid, geregtigheid en vryheid, sal respekteer, beskerm, en bevorder.

Bou Ons Gemeenskappe

25. Ons gemeenskappe word geteister deur hongersnood, ongelykheid, lae lonings, werkloosheid, geweld en diep trauma. Ons kan nie wag vir die staat of korporasies om die uitdagings die hoof te bied. Ons het 'n plig om sorgsame gemeenskappe te bou waarin ons met waardigheid, veiligheid en inkomste-sekuriteit kan leef.
26. Ons sal aansluit by gemeenskapsbewegings soos buurtwagorganisasies,

kulturele, sport-, ontspanningsaktiwiteite, fasiliteite, en opvoedingsprogramme.

27. As ondersteuners van Zackie2024 sal ons gemeenskappe bou wat gelykheid en geregtigheid vir almal bevorder, insluitend mense met gestremdhede, vroue, LGBTIQA+ mense, immigrante, asielsoekers, en vlugtelinge. Ons verbind ons daartoe om individuele en sistemiese rassisme te weerstaan om nie-rassige gemeenskappe te bou.

Herstel die Staat en Herwin die Parlement

28. Ons gaan bewegings bou om die Staat op elke vlak te herstel gebaseer op artikel 195 van die Grondwet. As Zackie2024-ondersteuners gaan ons 'n Komitee oor Openbare Rekeninge en Aanskaffing bou.
29. As individue, bewegings, en organisasies is ons eerste stap om die Parlement te herwin, om vir Zackie Achmat in die nasionale verkiesing van 2024 te stem.
30. Ons sal Zackie Achmat help om elke verpligting ten opsigte van SCOPA, groen energie, pendeldienste, SASSA, en geestesgesondheid met 'n fokus op skadevermindering vir dwelmmisbruik te vervul.

Ek beskou hierdie bevestiging as bindend op my gewete en die verbintenisse in hierdie kontrak as regsafdwingbaar.

GETEKEN: ..... DATUM:.....

ZACKIE ACHMAT

ZACKIE2024 ONDERSTEUNERS

.....

.....